

# SARS WAARSKU NIE-NAKOMENDE BELASTINGPLIGTIGES EN HANDELAARS

Kaapstad, Donderdag 27 Februarie 2020 - Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kommissaris Edward Kieswetter het nie-nakomende belastingpligtiges en handelaars gewaarsku dat die inkomste-owerheid geen oortredings van belasting- en doeane-wette sal duld nie. Die inkomstediens is gereed om sterk en professioneel op te tree teen diegene wat by sulke bedrywighede betrokke is.

SARS se primêre doelwit is om helderheid en sekerheid te bied vir belastingpligtiges en handelaars wat graag hulle wetlike verpligtinge wil nakom, deur dit maklik en egalig te maak om dit wel na te kom. Die organisasie verbeter ook sy vermoëns om diegene wat vasbeslote is om nie-nakomend te wees op te spoor en nie-nakoming vir hulle duurder te maak.

In hierdie verband, het kommissaris Kieswetter gesê dat nakoming van hierdie wette noodsaaklik is vir SARS om sy verantwoordelikheid na te kom om genoeg inkomste in te vorder om te verseker dat Suid-Afrika in staat is om te belê in die groei en ontwikkeling van die land en die welstand van almal kan verbeter.

"Belastingmisdaad is nie 'n slagofferlose misdaad nie. Dit het 'n direkte impak op die armste van armes wat op basiese dienste staat maak, insluitend die bestaansorgveiligheidsnet vir ouderdomspensioentrekkers, kindertoelae en vir tersiêre onderwysbystand wat gemik is op behoeftige studente, asook die verskaffing van gesondheidsdienste, onder andere.

SARS is daarom vasberade om die belasting- en doeane-wette van die land af te dwing sonder aansien des persoons op 'n redelike wyse wanneer alle ander wettige opsies uitgeput is. Ons wil belastingpligtiges en handelaars herinner om met SARS te praat voordat SARS met jou kom praat."

Kieswetter het die wetstoepassingsaksies uitgelig met betrekking tot verskeie industrië en soorte oortredings, insluitend BTW-bedrog wat R5 miljard beloop, onderstelling in inkomstebelastingverklarings wat tot R4 miljard beloop, en doeane-oortredings.

In die afdwing van doeane-wette, vorm SARS deel van 'n gesamentlike regeringwerkgroep om onwettige invoere stop te sit, veral in die klerasie, tekstiel, leer en skoesel bedrywe. Hierdie invoere is onderwaardeerde goedere wat die land binne kom en 'n ramspoedige impak op plaaslike vervaardigers het wat werk verloor en werkloosheid so verder vererger.

Bykomend hiertoe, is SARS vasberade om enige belastingaanspreeklikheid terug te vorder wat moontlik uit kriminele aktiwiteite afkomstig is, soos uitgelig deur verskeie kommissies van ondersoek, wat SARS dophou en nou mee saamwerk. 'n Toegewyde eenheid is hiervoor op die been gebring.

SARS ondersoek ook verskeie nie-nakomingsbedrywighede in die brandstofbedryf en het tot op datum aanslae in oorskot van R2 miljard gerig.

"Ons ondersoek brandstofterugbetalingeise van meer as R1 miljard van groot gelisensieerde verspreiders en, waar gevalle van ernstige nie-nakoming geïdentifiseer is, het ons die inligting oorhandig aan die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG)," het Kieswetter gesê.

Met betrekking tot die tabaksektor, het SARS aanslae gerig tot die waarde van R60.8 miljoen, waarvan R32.5 miljoen ingevorder is. SARS het die afgelope maande effektiewelik meer as ses laaikste sigarette gekonfiskeer wat vals verklaar is.

Kieswetter het daarby gesê: "Ons het pro-aktief toegewyde personeel by fasiliteite van sigaretvervaardigers ontplooi om die plaaslike vervaardigingsproses en die volumes wat versprei word te monitor, wat SARS beter insig gee na hoe die waardeketting werk en ook die invoer en uitvoer van alle tabakprodukte."

"Die bepaling van oordragpryse bly 'n groot kommer wêreldwyd en Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Noemenswaardige inkomste verlaat Suid-Afrika elke jaar in die vorm van intra-groepdienste gekoppel aan multinasionale ondernemings (MNE's)."

"Deur sodanige bepaling van oordragpryse raak sommige MNE's betrokke by aggressiewe belastingbeplanning om afstand te skep tussen die plaaslike bedrywigheede wat lei tot winste en verklaar dan sodanige winste in belastingregsgebiede met laer belastingkoerse."

Daar is 'n risiko dat sodanige betalings voortdurend die soewereine belastingbasis van Suid-Afrika sal krimp tot 'n mate dat dit nie meer dienste is wat 'n derde party voor sou kontrakteer nie en/of nie 'n armlengte prys reflekteer vir die dienste wat gelewer is nie.

Die volgende stap sal risiko-profiel gevalle wees, insluitend 'n geoutomatiseerde bepaling van oordragpryse risiko-assessering, deur die uitwys van gevalle vir indiepte ouditering en kriminele aksie teen belastingpligtiges wat versuim om ons versoeke vir inligting na te kom.

Kieswetter het gesê dat, waar gemagtig, SARS diensheffings kan omkeer indien die MNE versuim om inligting te verskaf om hulle eise te staaf.

"Suid-Afrikaners moet kennis neem van hierdie gevolge en met SARS saamwerk om nie-nakoming van belasting-en doeanewette uit te roei. Ons land kan slegs groei en ontwikkel indien elkeen van ons ons regmatige deel belasting betaal en die regte ding doen," het Kieswetter gesê.